Hoe om die Voortrekkers se verjaardag te vier

Graad R tot 12

Die Voortrekkerbeweging is op 30 September 1931 gestig. Hierdie is ’n lekker aktiwiteit om met ’n kommando (PD’s en Verkenners) te doen om die Voortrekkers se verjaarsdag te vier.

Onderwerp: Geskiedenis van die stigting van Die Voortrekkers.

Stappe

1. Begin deur te vra hoe oud die Voortrekkerbeweging is.
2. Vertel kortliks die geskiedenis van die stigting van die Voortrekkerbeweging.

Alhoewel dr. C.F. Visser reeds in 1913 begin planne maak het vir die stigting van ’n Afrikaanse jeugbeweging, het dit eers in 1920 tot uitvoer gekom. Die eerste kommando is in Bloemfontein gestig, aan die skool wat vandag die Sentrale Hoërskool heet. Heeltemal losstaande hiervan het mnr. Japie Heese in 1923 ook ’n kommando op Graaff-Reinet gestig en mnr. De Wet Laubscher een op Nieuwoudtville.

In hierdie tyd begin daar onderhandelings met die Boy Scouts om te poog om ’n gemeenskaplike basis vir een enkele jeugbeweging te vind. Hierdie pogings, wat verskeie jare lank duur, stort egter elke keer in duie oor kwessies soos die vlag, die belofte en die amptelike taal vir so ’n gesamentlike beweging.

Op 30 September 1931 word Die Voortrekkers eindelik amptelik gestig, en lyf die destydse Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog die eerste Voortrekkers te Bloemfontein in. Aangesien dr. C.F. Visser verantwoordelik was vir die stigting en die naam vir ons jeugbeweging, staan hy bekend as Vader Visser, die Vader van Die Voortrekkers. Dr. N.J. van der Merwe word in 1931 as die eerste Hoofleier van Die Voortrekkers verkies.

3. Elke span bring ’n koek, versiersuiker en versierings. Spanlede versier die koek volgens enige Voortrekkertema.
4. Die spanne het 30-45 minute om die koek te versier.
5. Die "skeppings" word beoordeel nadat die tyd verstreke is.
6. Die beoordelaars lewer kommentaar oor die "skeppings" en kondig die wenspan aan.
7. Die spanlede eet die koek!
8. Alle spanne help opruim.

Wenke

1. Gee vooraf die kriteria waarvolgens die “kunswerke” beoordeel gaan word, byvoorbeeld kreatiwiteit, oorspronklikheid, netheid, kunstigheid en keuse van tema.
2. Reël vooraf met offisiere of ouers om as beoordelaars op te tree.
3. Onthou om pryse vir die wenspan saam te bring.
4. Reël vooraf met die spanlede wie die koek, versiersuiker, versierings (*jellytots*, *smarties,* ens.) gaan bring.
5. Hou die kompetisie naby die verjaarsdag van Die Voortrekkers, byvoorbeeld in die week van 30 September.
6. Reël met die voedingskool of -skole van julle kommando dat die jeuglede aktiewe of formele drag met Die Voortrekkers se verjaarsdag dra. Dit kan ook enige dag naby Die Voortrekkers se verjaarsdag wees. Voortrekkers kan ook die vlaghysing behartig indien dit ’n gebruik by die skool is.
7. Hou ’n verjaarsdagpartytjie vir Die Voortrekkers by die skool. Sorg dat elke span eetgoed het. Neem ook vir die personeel van die skool eetgoed om dankie te sê vir goeie samewerking deur die jaar.
8. Gebruik hierdie resep om vinnig ’n sjokolade-oondpankoek te maak.
   - Smeer ’n oondpan met botter of spuit met kleefwerende kossproei. Voorverhit die oond tot 180 ^{0}C.
   - Sif saam in ’n mengbak: 3 koppies koekmeel, 4 teelepels bakpoeier, 2 koppies witsuiker, 5 ml koeksoda, 80 ml kakaopoeier en ’n knippie sout.
   - Meng die volgende bestanddele in ’n beker: 2 koppies kookwater, 1 koppie olie, 2 teelepels vanieljegeursel en 50 ml witasyn. Gooi oor droë bestanddele en meng deeglik. Plaas mengsel in ’n oondpan en bak vir ongeveer 40 minute.

Waarskuwings

1. Maak seker dat alle spanlede en offisiere bewus is van die koekversierkompetisie. Dit is vir ’n span nie lekker indien hulle nie ’n koek het om te versier nie.
2. Daar is altyd spanne wat ongelukkig is oor die uitslag van die kompetisie. Wees dus voorbereid om sulke vrae te hanteer.